
GELOOF In Die Woord



FAITH In The Word

Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411 - Website address: www.stangerchristiancentre.co.za

"AS JY DAN JOU GAWE NA DIE ALTAAR BRING"

Matt. 5:23

As daar een saak is wat die Here se Hart bedroef en beslis skeiding maak tussen Hom en Sy kind, is dit onvergewensgesindheid in die mens se hart. En die gevolge is gewoonlik baie hartseer want die mens met 'n bitterheid in sy hart teenoor sy medemens verbeur al die seën wat Jesus in sy lewe wil uitstort en hy kan nie aanspraak maak op enige van die Here se beloftes, hetsy vir genesing, of materiële bystand, of enige ander voorsiening nie.

Die Here Jesus Christus belowe in Markus 11:22-24: **Jesus antwoord en sê vir hulle: Julle moet geloof in God hê. Want, voorwaar Ek sê vir julle dat elkeen wat vir hierdie berg sê: Hef jou op en werp jou in die see – en nie in sy hart twyfel nie, maar glo dat wat hy sê, sal gebeur – hy sal verkry net wat hy sê. Daarom sê Ek vir julle: Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit sal ontvang, en julle sal dit verkry.** Maar Hy stel Sy baie belangrike voorwaardes in verse 25 en 26: **En wanneer julle staan en bid, vergeef as julle iets teen iemand het. Sodat julle Vader wat in die hemele is, ook julle jul oortredinge mag vergewe. Maar as julle nie vergewe nie, sal julle Vader wat in die hemelse is, ook julle oortredinge nie vergewe nie.**

Jy kan gerus weer baie aandagtig Mattheus 18:23-35 lees: **vs. 23: Daarom word die koninkryk van die hemele vergelyk met 'n sekere koning wat met sy diensknegte wou afreken. Vs. 24: En toe hy begin afreken, word daar een na hom gebring wat tienduisend talente skuldig was. Vs. 25: En omdat hy nie kon betaal nie, gee sy heer bevel dat hy verkoop moet word, en sy vrou en sy kinders en alles wat hy het, en dat betaal moet word. Vs. 26: Toe val die dienskneg neer en buig voor hom en sê: Heer, wees lankmoedig met my, en ek sal u alles betaal. Vs. 27: En die heer van daardie dienskneg het innig jammer vir hom gevoel en hom losgelaat en hom die skuld kwytgeskeld. Vs. 28: Maar toe daardie dienskneg uitgaan en een van sy mededienskneg vind wat hom honderd pennings skuldig was, het hy hom aan die keel gegryp en gesê: Betaal my wat jy skuld. Vs. 29: Sy mededienskneg val toe voor sy voete neer en smeek hom en sê: Wees lankmoedig met my, en ek sal jou alles betaal. Vs. 30: En hy wou nie, maar het gegaan en hom in die gevangenis gewerp totdat hy die skuld sou betaal het. Vs. 31: En toe sy mededienskneg sien wat gebeur het, was hulle baie bedroef, en hulle het gegaan en aan hulle heer meegedeel alles wat gebeur het vs. 32: Daarop roep sy heer hom en sê vir hom: Jou slegte dienskneg, al daardie skuld het ek jou kwytgeskeld, omdat jy my gesmeek het; vs. 33: moes jy nie jou mededienskneg ook barmhartig wees soos ek jou ook barmhartig gewees het nie? Vs. 34: En sy heer het hom in toorn oorgegee aan die pynigers totdat hy sou betaal het alles wat hy hom skuldig was. Vs. 35: So sal ook my hemelse Vader aan julle doen as julle nie elkeen sy broeder van harte sy oortredinge vergewe nie.**

Vers 25: "En omdat hy nie kon betaal nie...." Wie is hierdie hy? Jy en ek natuurlik, en ons kan nooit ons skuld by die Here betaal nie, dis net te oorweldigend groot. Ons kan nie vergifnis verdien nie. Eintlik verdien ons die hel. Al word ons die Here se slawe, sal dit nie ons rekening vereffen nie.

Maar, loof Jesus, die Here het ons innig jammer gekry (vers 27) en Jesus na Golgota gestuur en Hy het ons skuld betaal met Sy Bloed. En dis al rede hoekom ons vergifnis kry, geen verdienste van ons eie nie. Ons enorme skuldelas is uitgedelg – Halleluja!

Maar die gelykenis gaan verder: **Vers 32: "Jou slegte dienskneg, al daardie skuld het ek jou kwytgeskeld, omdat jy my gesmeek het, moes jy nie jou mededienskneg ook barmhartig wees soos ek jou ook barmhartig gewees het nie? En sy heer het hom in toorn oorgegee aan die pynigers .... So sal ook my hemelse Vader aan julle doen as julle nie elkeen sy broeder van harte sy oortredinge vergewe nie."**

Luister weer as Jesus sê: **"So sal ook ...." So sal ook ons aan die pynigers oorgegee word** deur die Here as ons volhard in onvergewensgesindheid. Baie opvallend hier is dat dit 'n keuse is of ons gaan vergewe of nie met die paslike gevolge.

Hier sluit Jesus vir my baie beslis aan by die

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - As jy dan jou gawe ….)
genesing van ons liggaam. Lees vir 'n oomblik net vroeër in Matt. 18:21 en 22 waar Petrus vir Jesus vra: **"Hoe dikwels sal my broeder teen my sondig en ek hom vergewe? Tot sewe maal toe? Jesus antwoord hom: Nie tot sewe maal toe nie, maar tot sewentig maal sewe toe."** Dis nou 490 keer. Wanneer jy 'n persoon soveel keer vergewe het, is dit al by jou 'n gewoonte. Jesus sê nie dan moet jy ophou nie – **Hy bedoel eintlik jy moet aanhoudend vergewe.** Nou wat of wie is hierdie pynigers aan wie die Here ons sal oorgee as ons nie ons broer heelhartig (volkome) vergewe nie? Dis siektes: senuwees, skeelhoofpyne, slaaploosheid, hartaanvalle, maagsere, kanker, ens. En niemand kan vir ons bid vir genesing met positiewe resultate as ons met onvergewensgesindheid in ons hart rondloop nie, want ons maak onsself oop vir die aanvalle van Satan en sy demone, die pynigers om oor te neem. Die Here het ons gewaarsku, en nou kan Hy niks meer vir ons doen nie. Ons het onsself oorgehandig aan die pynigers. As ons kies om nie te vergewe nie, gaan ons direk teen die Here se opdrag. Met ander woorde, ons handig onsself oor aan die pynigers as gevolg van ongehoorsaamheid.

Jesus is liefde en liefde kan nie deurwerk as ons met haat gevul is nie. Haat en bitterheid is soos 'n damwal. Die Here wil Sy Gees deur ons laat vloei om ons te genees en te herstel, maar ons blokkeer dit met afkeur, liggeraaktheid en ou wonde van haat wat ons soms oor 'n tydperk van jare vertroetel. Maar laat ons sommer nou hier die bul by die horings pak en korte mette maak met onvergewensgesindheid want só kan jou hele lewe verander word van mislukking na oorwinning.

Eerstens, vergifnis is nie 'n saak van eie keuse nie, maar absoluut noodsaaklik, indien ons wil aanspraak maak op die Here se seëninge en beloftes vir ons.

Tweedens, vergifnis is nie 'n emosie nie, maar 'n definitiewe aksie, 'n besluit wat jy met jou wil neem in gebed. Onthou, Jesus sê vir jou in Joh. 14:14: **"As julle iets in my Naam vra, sal Ek dit doen."** Neem nou jou haat en bitterheid en gaan reguit na die Here toe.

BID MET OPREGTHEID IN U HART SOOS VOLG:

Here Jesus, U weet dat ek diepe afkeur en selfs haat in my hart het vir _____. Ek besef dit is sonde. Ek vra U nou om hierdie afkeur van my af te was met U Bloed. Ek kies om _____ te vergewe of hy/sy dit nou verdien of nie. Dankie Here dat U onvoorwaardelik al my sondes vergewe het. Gee nou asb. vir my U liefde vir hom/haar, want myne is te klein. U het my in U Woord belowe dat U vir my sal doen wat ek vra. Ek loof en dank U daarvoor.

Here Jesus, ek maak 'n besluit om in vrede en eensgesindheid te probeer leef, nie net met die ander broers en susters van die Liggaam van Christus nie, maar ook met my vriende, kennisse, bure en familie.

Ek laat vaar alle vorms van bitterheid en afkeur, afguns, stryd en liefdeloosheid. Ek gee vir die duiwel geen plek nie, in U wonderlike Naam. Nou, vra ek U om vergifnis. In geloof ontvang ek dit, want ek het die versekering dat ek gereinig is van alle ongeregtigheid deur Jesus Christus. Ek vra U om almal wat my veronreg het of seergemaak het te vergewe en vry te spreek. Ek vergewe en spreek hulle vry. Deel U met hulle in U genade en liefdevolle goedheid.

Van hierdie oomblik af stel ek my dit ten doel om in liefde te wandel, vrede te soek, eensgesind te wees en myself teenoor ander te gedra op 'n wyse wat U sal behaag. Ek weet dat ek in die regte verhouding tot U staan en U ore luister na my gebede.

Dit is geskrywe in U Woord dat die U liefde uitgestort is in my hart deur U Heilige Gees wat aan my gegee is. Ek glo dat liefde uit U vloei na die lewens van almal wat ek ken en oorvloei in die vrugte van geregtigheid wat glorie en eer bring aan U, Here Jesus.

Miskien sal die Here jou nou lei om ander goeie dinge vir hierdie persoon (of persone) te bid: sy wedergeboorte, goeie gesondheid, voorspoed in sy werk. Tree dan verder op in ooreenstemming met hierdie Nuwe Liefde wat Jesus nou in jou hart uitgestort het. As hy ver is, skryf vir hom 'n brief en vertel hom van die Here se werking in jou lewe en dat jy nou alles in die verlede wil vergeet en dat jy nou vir hom lief is. Of as dit iemand naby is, gaan besoek die persoon en deel met hom Jesus se herstellende werkinge in jou lewe.

Ek moet onderstreep dat jy jou nie een of ander gevoel moet verwag na hierdie opruiming nie. Ons kan kies om ons wil in lyn te kry met die Here se opdragte. Ons hoef nie afhanklik te wees van ons eie vermoë of krag nie. Die belangrike saak is dus nie of ons daarna voel om te vergewe nie, maar of ons kies om te vergewe, want as ons kies om gewillig te wees, sal die Here Self in ons die begeerte gee om te verander. **Filip. 2:3: "Want dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae."**

En nou gebeur dit soms dat ons diep in ons innerlike gemoed 'n weersin of 'n haat koester teenoor 'n persoon (soms 'n hele aantal persone) waarvan ons nie eers behoorlik bewus is nie, maar omdat hierdie onvergewensgesindheid aan ons kleef, kan die Here nie Sy doel met ons bereik, of ons verbeur daardie innerlike vrede wat ons toekom as Sy Kind. Dan wil ek jou aanmoedig om 'n rustige tydjie te vind wanneer niemand jou sal steur nie, en in jou binnekamer te gaan en die Here in opregtigheid te vra om hierdie halfvergete persoon of persone se name in jou gedagte te bring deur middel van Sy Heilige Gees. En dan bid jy die voorafgaande gebed oor elkeen van hierdie persone wat Hy jou aan herinner, totdat daar niemand meer oor is nie. Maar jy sal moet tyd neem met die Here, en jou hart oopstel vir Sy werkinge. Maar Geliefde, weereens wil ek vir jou sê dat so 'n opruimingsproses duisend maal die moeite werd is, want dan is die damwal afgebreek en kan die Here Sy Liefde deur jou vloei en Sy Beloftes vir jou waar maak.

(Kry ons boek "Die Krag van Vergifnis")

Jesus raai ons nooit aan om iets te doen wat Hy nie self gedoen het nie. In die geval van vergifnis terwyl Hy besig was om 'n afgryslike dood te sterf, het Hy neergekyk na Sy moordenaars en gesê **"Vader vergewe hulle want hulle weet nie wat hulle doen nie." Is dit dan moontlik dat ons nie ook nie kan vergewe nie? Luk. 23:34.** □

HOE KAN EK DIE HERE DIEN?

Oor die afgelope tyd het daar ‘n geweldige begeerte onder baie van ons lesers ontstaan om die Here te dien in ‘n meer voltydse hoedanigheid. Die vraag wat almal aan ons stel is, “Waar moet ek begin?” Moet ek na ‘n bybelskool toe gaan? Het ek formele opleiding nodig? Wat moet ek maak om die nodige vertroue en kennis te kry om die roeping in my lewe te vervul?

Kom ons kyk hoe die Here, Moses geroep het. Moses het seker een van die grootste roepings van alle tye op sy lewe gehad, en wat sê die Here toe vir hom?

Moses moes al die Israeliete uit Egipteland lei, dit was ‘n groot taak vir enige persoon. Wat was sy kwalifikasies, en opdragte?

Ons lees in Exodus:

Ex. 3:1: En Moses het die kleinvee opgepas van sy skoonvader Jetro, die priester van Midian. En toe hy die kleinvee agter die woestyn gedryf het, kom hy by die berg van God, by Horeb.

2. Daarop verskyn die Engel van die Here aan hom in ‘n vuurvlam uit ‘n doring bos in die vuur, maar die doringbos word nie verteer nie!

3. En Moses sê: Laat ek tog nader gaan en hierdie groot verskynsel bekyk, waarom die doringbos nie verbrand nie.

4. Toe die Here sien dat hy nuuskierig nader kom, roep God na hom uit die doringbos en sê: Moses, Moses! En hy antwoord: Hier is ek.

10. Gaan dan nou heen, dat Ek jou na Farao kan stuur .....

11. Maar Moses het tot God gespreek. Wie is ek, dat ek na Farao sou gaan .....

12. en Hy antwoord: Ek sal met jou wees .....

Ex. 4:1: Toe antwoord Moses en sê: maar as hulle my nie glo en na my stem nie luister nie, maar sê: Die Here het nie aan jou verskyn nie?

2. Daarop vra die Here vir hom: wat is daar in jou hand? En hy antwoord: ‘n Staf.

3. En Hy sê: Gooi dit op die grond. Toe gooi hy dit op die grond, en dit het ‘n slang geword; en Moses het daarvoor gevlug.

4. Toe sê die Here vir Moses: Steek jou hand uit en gryp dit aan die stert. Hierop het hy sy hand uitgesteek en dit gegryp, en dit het ‘n staf in sy hand geword –

5. Sodat hulle kan glo dat die Here, die God van hulle vaders die God van Abraham, die God van Isak en die God van Jakob aan j ou verskyn het.

10. Toe sê Moses aan die Here: Ag, Here, ek is nie ‘n man van woorde nie – van gister of van eergister of vandat U met u kneg gespreek het nie; want ek is swaar van mond en swaar van tong.

12. Gaan dan nou heen, en Ek sal met jou mond wees en jou leer wat jy moet sê.

17. Neem dan hierdie staf in jou hand waarmee jy die tekens moet doen.

Die verse wat ek hier aangehaal het kom almal uit die gedeelte van Exodus wat die opskrif dra van: “Roeping van Moses.” As ons hierdie twee hoofstukke bestudeer is daar etlike interessante gedeeltes waar die Here nie net vir Moses verseker het van Sy Voorsiening en bystand met elke tree wat Moses loop nie, maar dat Hy Moses se aandag pertinent

(Vervolg op Bl. 4)

(Vervolg vanaf bl. 3 - Hoe kan ek die Here dien.....)

vestig *opgelei* of *afgerig* te word om dit te gaan doen wat die Here hom beveel het nie. Nee, die Here sê eintlik vir hom: "GEBRUIK WAT HY HET, dit is tog Ek wat die wonderwerke gaan doen!"

Let ook op hoofstuk. 4 vers 12: **Gaan dan nou heen, en ek sal met jou mond wees en jou leer wat jy moet sê.**

Sò wil ek dan vandag die lig van hierdie gedeelte van die Here se Woord op JOU omstandighede laat val en vir JOU vra: wat is daar in jou hand?

Ons het wel nie almal sulke dramatiese ontmoetings met die Here soos Moses wat die Here in die brandende doringbos onderskei het nie, maar as ons die naam dra van Christen (nou bedoel ek wedergebore, Geesvervulde Christene en nie diegene wat net "Sondag-Christene" is nie) dan het ons elkeen wel 'n ontmoeting met die Lewende Jesus Christus gehad en is daar 'n roeping op ons lewes, en is daar beslis OPDRAGTE wat Jesus Christus Self aan ons gegee het!

Kom ons haal hulle aan:

Markus. 16:15-18. En Hy het vir hulle gesê: Gaan die hele wêreld in en verkondig die Evangelie aan die ganse mensdom.

En Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word.

En vir die wat geglo het, sal hierdie tekens volg: in my Naam sal hulle duiwels uitdryf, met nuwe tale sal hulle spreek, slange sal hulle opneem; en as hulle iets dodeliks drink, sal dit hulle geen kwaad doen nie; (hierdie is die werke van satan) op siekes sal hulle die hande lê, en hulle sal gesond word.

Ek het al etlike kere in die nuusbrief met jou gedeel hoe die Here vir ons klompie hier by die Sentrum, 22 jaar gelede aan die gang gekry het, maar ek voel tog gelei om dit weer te herhaal, want ons wou ook Uitroep: "Ons WEET te min; ons GELOOF IS TE KLEIN; ons kan nie SKRYF nie; ons kan nie PRAAT nie!" Tog was daar 'n brandende ywer in ons harte vir Jesus Christus, 'n absolute GEWILLIGHEID, en ons was alte bewus van die stelling van Jesus Christus in die Nuwe Testament wat lui dat as ons Hom liefhet, ons sal DOEN wat Hy ons beveel het.

Die eerste rowwe skets van 'n moontlike nuusbrief het ons op die agterkant van gebruikte komperpapier gemaak met 'n potloodjie seker nie langer as 5cm nie! Dis op hierdie selfde afvalpapier waarop ons eerste boekies geskryf was! Ons eerste drukmasjien kon slegs op foliogrootte papier druk – vandag werk ons nog met ou drukmasjiene.

Nie ek of Meg of enige van die werkers het teologiese opleiding nie, of is eers geskool op die gebied wat hulle werk nie – u wat ons ken weet dat ons maar 'n baie alledaagse klomp is! Ons Sentrumgebou is baie eenvoudig en ons het dit feitlik heeltemal self opgerig! Die stoele daarin het ons tweedehands opgekoop by bioskope wat gesluit het. Wat is daar in my hart as ek aan hierdie dinge dink? *My bewondering vir die Here skiet net die hoogte in!* Want Hy neem die eenvoudige dinge, die alledaagse dinge, en gebruik dit tot Sy eer! Al wat Hy vra is dat ons dit wat ons het, en dit wat ons is, Heelhartig tot Sy beskikking sal stel, en HY DOEN 'N GROOT WERK TOT SY EER DAARMEE!

Want u sien, DIE HIERE het my en my helpers oor die jare se eenvoudige pogings en ons onkunde gesien, maar Hy het ook ONS GEWILLIGE HARTE gesien. Hy het dit geneem en gebruik en vandag is daar feitlik nie 'n stad of dorp of stasietjie in die Republiek en Suid-Wes waar ons nuusbrief nie kom nie! Feitlik dieselfde geld vir ons boekies, en hierdie leesstof word deur die Jesus gebruik om siele te wen en te verkwik, liggame te genees en mense lewens om te keer tot SY EER!

Jesus Christus het na die aarde toe gekom en was gebore in 'n stal. Hy is in 'n krip neergelê deur Sy eenvoudige ouers Josef en Maria. Hy het grootgeword as 'n leerling timmerman in 'n afgeskeepte dorpie, Nasaret. Sy vriende was eenvoudige manne: vissermanne, tollenaars. 'n Vrou het Sy voete met haar trane gewas en met haar hare afgedroog – 'n *eenvoudige* innige optrede. Let op die eenvoud van die vyf brode en die twee visies, die eselsvul, die ruwe hout kruis. Hierdie dinge roep uit: Hy soek nie dinge wat die mens as bekwaamhede en perfekte werk sien nie, maar Hy soek NET DIT WAT JY HET EN NET DIT WAT JY IS, en Hy bou Sy Koninkryk, Sy Kerk en die poorte van die hel sal dit nie eers kan oorweldig nie! *Ere aan die Here!*

Toe Jesus op aarde was het Hy gesê: **Hy wat My gesien het, het die Vader gesien (Joh. 14:9). Ek doen altyd wat Hom** (Sy Vader) **welgevallig is (Joh.8:28)**

Die eenvoudige omstandighede waarin Jesus vir drie-en-dertig jaar lank gelewe het op aarde moes sekerlik ook Sy Vader se keuse vir Hom gewees het, want Jesus het mos gesê Hy het net dit gedoen wat Sy Vader welgevallig was. Jesus Christus, die Koning van die Konings, die Here van die Heersers, kon kies om in 'n koninklike paleis gebore te word; om in 'n wêreldse hoofstad te lewe in faam en rykdom – maar ons sien dat Hy die eenvoudigste en onwaarskynlikste familie en vriende en woonplek en beroep gekies het om op die aarde mee saam te lewe! Ons kry dikwels briewe van mense wat soos volg lui "Ek voel waarlik dat die Here my geroep het om voltyds vir Hom te werk. Nou wil ek my gaan bekwaam as 'n prediker, maar moet eers die nodige fondse bekom. Kan julle 'n geskikte Bybelskool aanbeveel?"

Liewe Vriende, as jy 'n Bloedgewaste Kind van die Here is, is JY REEDS VOLTYDS IN SY DIENS!

Wat is daar in jou hand? O ja, ek maak geen studies af nie, en studie van die Woord van die Here is van uiterste belang, maar daar waar jy NOU IS, in jou werk, in jou gesin, in jou vriendekring is 'n GEWELDIGE GROOT ARBEIDSVELD, en al wat die Here van jou vra is om Sy Opdragte volgens Mark. 16:15-18 uit te voer, en die Here doen die wonderwerke! Wat is die staf in jou hand? Die Bybel, die Woord! Leer wat daar in staan en gaan vertel die

(Vervolg op Bl. 5)

gansemensdom.

Die duiwel wil hê dat jy moet dink dat jy onbekwaam is. Hy wil hê jy moet wag vir "beter" omstandighede, meer geld, dieper kennis, 'n geriefliker huis, ontwikkelde talente voordat jy jouself tot die beskikking van die Here stel, maar dis beslis nie Jesus se plan vir Sy dissipels nie! Lees gerus **Matt. 28:18-20. En Jesus het nader gekom en met hulle gespreek en gesê: Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde. Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Amen.**

Ek wil jou aanmoedig om na Jesus toe te kom NET SOOS JY IS en GEE NET JOUSELF en ALLES WAT JY HET aan Hom, en kyk wat jy tot die eer van Sy Naam kan bereik! HY VRA NET 'N GEWILLIGE GELOWIGE. Daar was nog nooit 'n *meer dringende tyd* vir die verkondiging van die ware Evangelie nie en JY, Sy dissipel, het alles wat jy nodig het om die LIG van JESUS CHRISTUS te laat skyn in lewens wat honger is na die Waarheid, want die Groter Een woon in jou en sal jou lei en leer. **1 Joh. 4:4: Julle is uit God, my kinders, en het hulle oorwin, omdat Hy wat in julle is, groter is as hy wat in die wêreld is. (Joh 14:26) maar die Trooster, die Heilige Gees, wat die Vader in my Naam sal stuur, Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het.**

Sy Woord verseker ons in **Mark. 16:20: .. hulle het uitgegaan en oral gepreek, en die Here het saam gewerk en die Woord bevestig deur die tekens wat daarop gevolg het. Amen.** □



uit **Dr James** se kantoor


Geliefde Familie in Jesus. Deur die Here oor die afgelope ses en dertig jaar te dien, is daar een besondere eienskap van Sy vele eienskappe, wat ek persoonlik in groot ontsag en met verwondering en baie dankbaarheid verkondig, en dit is Sy GETROUHEID! Ek het onlangs gemediteer oor die verstommende manier waarin Hy nie net in elke sin van die woord vir my, Meg en die hele familie (en ons is baie), onderneem het nie, maar hoe getrou Sy voorsiening vir die bedieningswerk aan die Volk en buite sy grense was, waarvoor Hy ons twee en dertig jaar gelede geroep het. As ek geweet het, toe die genesingsbediening in 1979 begin het in my spreekkamer waar ek vir pasiënte gebid het en hulle deur die Here Jesus Christus genees is, dat dit sou aanhou en oor soveel jaar sou groei, kon ek my dit toe nie voorstel wat die Here sou bereik nie. Dit verbaas my steeds elke keer wanneer ek dink aan die koste en getal nuusbriewe en boeke wat uitgegaan het om duisende van Sy mense oor die jare te voed, aan te moedig en toe te rus – ek kan nie begin "somme" maak nie en die Here sal nie wil hê dat ek dit doen nie, omdat dit Sy mense en Sy bediening is – Hy doen die redding en die genesing, en ek is deeglik daarvan bewus en gee aan Hom al die eer! Nie te min, Sy GETROUHEID is wonderlik om te aanskou. Een ding weet ek en dit is dat Sy voorsiening altyd op 'n daaglikse basis was! Hy het baie jare gelede aan ons getoon dat ons behoeftes "daagliks" voorsien sal word. Ons moet vir ons DAAGLIKSE brood vra. Ek sien dat Sy dissipels DAAGLIKS GEBID, DAAGLIKS AANBID en DAAGLIKS BROOD GEBREEK het. Sy verstommende genade en voorsiening vind daagliks plaas, net soos die Manna op 'n DAAGLIKSE basis aan die Israeliete in die woestyn voorsien is. Hulle is deur die Here beveel om elke dag vars manna op te tel, en dan slegs die hoeveelheid wat hulle vir die dag benodig het – behalwe op die dag voor die Sabbat toe hulle vir twee dae moes optel. Die punt is dat die Here Sy volk geleer het om te lewe deur Hom vir hul daaglikse behoeftes te vertrou, en Hy het hulle nooit gefaal nie. Ja, Hy het hulle nooit gefaal toe hulle Hom gehoorsaam en gevolg het nie – en Hy is vandag steeds dieselfde! (Heb. 13:8) So as ek vandag terug kyk na 1979 en my verwonder aan wat die Here gedoen het, onthou ek die Woord wat Hy aan my gegee het, toe Hy my aangesê het om "Sy mense te voed" nadat hulle hul genesing en verlossing ontvang het. Dit was **Mattheus 15 verse 30 tot 32 – En ondertussen kom daar groot menigtes na Hom met kreupeles, blindes, stommes, gebreklikes en baie ander by hulle, en hulle het dié by die voete van Jesus neergesit, en Hy het hulle gesond gemaak, sodat die skare verbaas was om te sien dat stommes praat, gebreklikes gesond word, kreupeles loop en blindes sien; en hulle het die God van Israel verheerlik. Toe het Jesus sy dissipels na Hom geroep en gesê: Ek voel innig jammer vir die skare, omdat hulle al drie dae by My bly en niks het om te eet nie; en Ek wil hulle nie graag honger wegstuur nie, sodat hulle nie miskien op die pad beswyk nie.** So het toe ook na my die kreupeles, blindes stommes, gebreklikes en baie ander gekom, persoonlik en in talle en talle briewe. In vers 30 het ons gelees dat al hierdie mense by die voete van Jesus neergesit was en Hy het hulle gesond gemaak – en ons het geweet ons moet ook net almal aan Jesus se voete bring, en genesings het gevolg: wonderbaarlik, oorweldigend! En wat ons beker laat oorloop het van vreugde was dat, soos vers 31 sê, **hulle die God van Israel verheerlik het**. Dis tog die hoogste doel van al die wonderwerke: die verheerliking van Jesus se Naam! En, loof Jesus, Hy is nog steeds dieselfde en genesing gaan voort! (Heb. 13:8)

Maar, as gevolg van al hierdie soekende mense wat gekom het, het die Here ook die besef in ons harte laat posvat dat Sy Mense honger het – hulle verlang na die PRAKTIESE, LEWENDE WAARHEID VAN SY WOORD. Die Here het vir my persoonlik gesê in Mattheus 15 vers 32: **"en Ek wil hulle nie graag honger wegstuur nie, sodat hulle nie miskien op die pad beswyk nie."** Hier het mense na ons gekom, hulle word genees na siel en liggaam, maar omdat hulle geestelik honger ly, en nie geleer word van die Here se Beloftes en dat dit vir elkeen van hulle wat Jesus ken en lief het geldig is nie, beroof Satan hulle om die

(Vervolg op Bl. 6)

(vervolg vanaf bl. 5 - Uit dr James se Kantoor)
eerste draai van hulle geloofsvertroue en genesing. En hulle "beswyk op die pad" (vs. 32). Die Here het ons ook sterk bewus gemaak daarvan dat al die duisende mense wat na Jesus gekeer het, positief gevoed en opgebou moes word in hulle wandel met Hom, en afgesien van die talle briewe wat voortgekom het, is ons nuusbrief gebore veral met hierdie doel. Ons doelstelling is van die begin af altyd om dit gratis te stuur aan enige een wat belangstel, maar veral as opvolgingsmateriaal aan diegene wat 'n beslissing vir Jesus Christus gemaak het. Ek wil maar net onderstreep dat u nooit sal groei as 'n dissipel van Jesus as u siel nie voedsel kry nie. Volgens **Rom.10:17**: Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord van God. Jesus sê mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan. **(Matt. 4:4)** Soos ons gesien het, werk Here Jesus op eenvoudige wyse, die paar vissies en brode word eenvoudig deur Hom vermeerder om die massas te voed, en so sal Hy dit vermeerder wat u aan Hom skenk, u tyd, u gebede, u ondersteuning tot Sy eer en glorie. **Luk 6:38:** Gee, en aan julle sal gegee word. 'n Goeie maat wat ingedruk en geskud en oorlopend is, sal hulle in jul skoot gee, want met dieselfde maat waarmee julle meet, sal weer vir julle gemeet word. Ons het in gehoorsaamheid aan sy leiding met een eenvoudige nuusbrief in 1979 begin, en tot vandag toe is baie honderde duisende mense daardeur met die Here se Woord gevoed. Ons gee Hom al die eer en glorie, want Hy maak dit vir ons moontlik, Hy vermeerder die "vissies en die brode", en Hy alleen doen die wonderwerke! Wonderwerke van genesings, herstelde huwelike en verhoudings, oorvloedige seëninge en vreugde in antwoord op gebed. Ons beleef Sy getrouheid elke dag vanaf die dag wat Hy ons geroep het. Ons staan verstom as ons dink oor alles wat Hy oor die laaste 32 jaar in ons midde gedoen het, Sy daaglikse GETROUHEID, en wat Hy vir ons gedoen het, sal Hy ook vir u doen! U kan elke dag daarop staat maak! Ons dank elkeen wat ons ondersteun, het sy in gebed, finansieel of bemoediging, en daardeur ons arms om hoog hou. Ons waardeer opreg al julle liefde en voorbidding. Wees verseker van ons innige waardering, liefde en gebede. Ek weet dat julle die Here se Getrouheid in hierdie dae meer as ooit tevore sal ondervind soos julle aanhou om Hom DAAGLIKS te vertrou! Laat ons weet wat Hy vir jou op antwoord van gebed gedoen het, sodat ons saam met jou kan juig en ons Hom saam kan dank. Ons loof Sy wonderlike Naam!

Dr James



Ons God van wonderwerke

…..Briewe wat getuig van die Here se goedheid en

Ek groet u in die naam van ons Here en wens u almal 'n voorspoedige jaar toe. Dokter ek skryf om aan u die wonderlike nuus te hoor. Ek het September u kantoor gebel en versoek het dat u vir my skoonsuster te bid, sy het 6 weke in die nood saal gelê, haar liggaam was deurtrek met kanker. Die dokter het die familie laat weet hulle moet kom afskeid neem want daar was geen hoop van herstel nie. Ek het toe u gebel en gevra dat u haar opdra aan ons groot Geneesheer. Die volgende more het sy haar oë oop gemaak en begin praat. Sy het so verbeter dat hulle haar uit die nood saal na 'n ander saal geneem het. Sy het so verbeter dat sy kon huis toe gaan. Die dokters was verbaas, hulle kon geen teken van die kanker vind nie.

Baie dankie dokter, ons jubel en juig al dae en dank ons groot Geneesheer dat hy u gebede verhoor het en vir die wonderwerk. Ons loof en prys Hom gedurig maar bo alles, dank ons u wat die voorspraak was. Dankie, dankie aan ons Hemelse Vader wat u verhoor het!! Aan Hom wat Kom!

Andries van Wyk, Drie Riviere (8/01/2011)

Graag wil ek 'n briefie skryf en dankie te sê vir my dogter se gebed wat julle gedoen het in verband met haar angsaanvalle. Dankie Heer sy is genees!! Groete

Phillie van Zyl, Oudtshoorn (21 Desember 2010)

My hart loop oor van blydskap vir die wonder wat God gedoen het. Eerstens wil ek baie dankie sê dat julle my en my gesin in u gebedes ondersteun het. Ek het 'n versoek aangaande my gesondheid en my seun se drankprobleem aan u gerig verlede jaar 2010. En waarlik God het u gebedes beantwoord, my kroniese brongitis is genees en my seun is bevry van sy drankprobleem. O, ek dank die Here wat ons verhoor het toe ons Hom aangeroep het. Die geestelike boekies wat ek van u af ontvang asook die maandblad voed my na gees, siel en liggaam. Dankie!!

Mev J Jansen, Upington (15/01/2011)

How faithful our God has been to me. He has undertaken for me and healed me. I have been so blessed. As Dr Malam explained, I have to undergo scans and ultra sound for two years. Wel lone year is almost gone and so far all the tests done have been clear. I continue believing and praising our precious God and Saviour, without Him I would have been lost. Thank you for all the love you have shown me and for your faithful prayers. God bless you abundantly.

Mev B Canzian, Port Elizabeth

Met 'n dankbare hart buig ek neer voor my Vader vir Sy genade en liefde elke dag. Dankie vir u gebede, brief en boekies. Ek het Dinsdag dit ontvang en kon nie ophou lees. Ek wil eers getuig dat ek verlos is van vrees, en ook dat daar beterskap in my man se voet is. Ons sal nie ophou om ons Here te prys nie!!

Mnr en Mev O Bornman, Manaba Beach (22/1/2011)

HOW TO WITHSTAND THE ENEMY'S ATTACKS

AND THEY OVERCAME HIM BY THE BLOOD OF THE LAMB AND BY THE WORD OF THEIR TESTIMONY … (REV 12:11)

The Word of the Lord tells us in **1 John 3:8: For this purpose the Son of God was manifested, that He might destroy the works of the devil. Col. 2:15: Having spoiled principalities and powers, He made a shew of them openly, triumphing over them in it.** (the cross)

According to these Scriptures, Jesus has destroyed the works of Satan, spoiled his power, and triumphed over him. Since Satan's works have been destroyed, his power has been spoiled, and he has been triumphed over by the Blood of the Lamb, although still powerful to deceive and lie, he is a defeated foe. The Lord Jesus' triumph was our triumph. His victory was our victory. He did nothing for Himself. He did it all for us. He defeated Satan for us. He spoiled his power for us. He destroyed his works for us. He conquered him for our sakes. Hallelujah, thank you Jesus!!

When Jesus rose from the dead, He left an eternally defeated Satan behind Him, so always think of Satan as an eternally defeated foe. Think of Satan as one over whom Lord Jesus, (and you in Jesus' Name), have authority.

The Bible declares that **"We are His workmanship, created in Christ Jesus." (Eph. 2:10). If any man be in Christ, he is a new creature. 2 Cor. 5:17.**

We are made new in Christ. **We become members of His body, of His flesh and of His bones. (Eph. 5:30)**

We are in Him. He confirmed this in regard to authority and power when He said, in **Matt 28:18-20: And Jesus came and spake unto them, saying, ALL POWER IS GIVEN UNTO ME IN HEAVEN AND IN EARTH. Go ye therefore, and teach all nations, baptizing them in the name of the Father, and of the Son, and of the Holy Ghost: Teaching them to observe all things whatsoever I have commanded you: and, lo, I am with you alway, *even* unto the end of the world. Amen.** He has all power in Heaven and on Earth, and in His name He has delegated this authority to His disciples. He confirmed this by saying: **He that believeth on Me, the works that I do shall he do also. John 14:12.**

We, who believe, and have the faith to act upon what we believe, now have the authority to work the same works that Jesus worked, by doing them in His name. If this is true of our works, then it is true in regard to our standing with the Lord. He has placed us in Christ, **in whom we have redemption. Eph. 1:7.**

This constitutes our confession, and we think, speak, pray, and act accordingly. To dwell on what Satan is doing in our lives, is actually to deny what we have in Christ.

When you know that you have what the Lord Jesus Christ says you have, then you act accordingly, confessing what He has made possible for you. This glorifies Him and His Word.

When Jesus said: **If thou canst believe, all things *are* possible to him that believeth. (Mar. 9:23),** He meant that all things are possible to the believer who is prepared to act upon this belief.

It is written: **For in Him we live, and move, and have our being;… (Act. 17:28)**

If it is in Him that we live and move and have our being, then it is needful that we find out who He is.

Jesus has been exalted to sit at the right hand of the Highest Authority. He who loved me and died for me, now ever lives for me. He was the Lord's answer to the need of humanity. He was God manifest in the flesh. Jesus was not a philosopher searching for truth. He was Truth. He was not a fictional man. He was a Reality. He was not a reformer. He was a Creator. He was not a visionary. He was the Light of the world. He never reasoned. He KNEW. He never showed doubt, but was sure. There was sureness in all He said or did. He had never sinned nor was in need of forgiveness. He never sought or needed advice. He knew why He came. He knew from whence He came. He knew Who He was. He knew about heaven. He knew where He was going. He knew man. He knew Satan. He was fully God and fully man. He alone could pay the price required for our Salvation.

Jesus had no sense of being defeated. He did not shrink from pain or brutal treatment. He was the Master when they arrested Him. He was the Master at His trial. He CHOSE to lay down His life as a living Human Sacrifice. **Therefore doth my Father love me, because I lay down my life, that I might take it again. No man taketh it from me, but I lay it down of myself. I have power to lay it down, and I have power to take it again. This commandment have I received of my Father. (Joh. 10:17-18)** We are forever grateful.

He was Almighty, yet just a man. And He is in us. **Christ liveth in me. Gal. 2:20. That Christ may dwell in your hearts by faith. Eph. 3:17. Christ in you, the hope of glory. Col. 1:27. Christ is our life. Col. 3:4. But of Him are ye in Christ Jesus. 1 Cor. 1:30. Jesus Christ is in you. 2 Cor. 13:5.**

We should begin to see our standing in the Lord Jesus Christ, and what we have been made in Him. We should take our place in the New Testament Church, as she moves forward in this glorious Truth.

Understanding your relationship to the Lord, and your position as a believer, in Christ, you must remember that you are authorized to use His Name. That Name overrides Satan's demons and principalities and his works, and that Name has been legally given to every believer to use. LORD JESUS, King of Kings and Lord of Lords.

In My Name they shall cast out devils. Mark 16:17.

If we can cast out demons, then we can cast out demon-related diseases in His Name. That's what the Word teaches.

Remember, Satan is eternally defeated!

However, many times our theologians have been our enemies. They have made a philosophy of the

(Continued on page 8)

(Continued from page 7 - How to withstand the .....)
truth; they have turned the Word into dogma and creed when it should have been as though the Master were here speaking to us.

The Word speaks to us as Jesus would if He were here. It has the same authority as He would have if He were here. The Word tells us in **Heb 13:8: Jesus Christ the same yesterday, and to day, and for ever.** He promised His disciples to be with us always: **for he hath said, I will never leave thee, nor forsake thee. (Heb 13:5)**

When we pick up the Bible, we should remember that it is the Lord's blueprint for us and is forever established. **(Psalm 119:89)**

The Word is always for the present. It has BEEN, it IS, and it WILL BE the voice of the Lord. It is never old. It is always fresh and new. It is always to be acted upon. We must be doers of the Word. Believe AND obey!

To the heart that is in fellowship with Jesus, the Word is a present-tense, living voice from heaven, to be acted upon.

The Word is like its Author – eternal, unchanging, and living. In the beginning was the Word, and the Word was with God, and the Word was God. The same was in the beginning with God. All things were made by him; and without him was not any thing made that was made. In him was life; and the life was the light of men. And the Word was made flesh, and dwelt among us, (and we beheld his glory, the glory as of the only begotten of the Father,) full of grace and truth. (**John 1-4 and 14)**

The Word is out breathings of Jesus, the mind of Jesus, the will of Jesus. The Word is the Lord speaking. It abides forever. He and His Word are one. Jesus was the Word, (John 1:1-2) and He lives in me; I read the Word; I feed on the Word, I act on the Word, and the Word lives in me. When I want more of Him, I feed on His Word, If I want to know more of Him, I learn more of His Word. I hold His Word in my hand. I have it in my heart. I have it on my lips. I live it in my actions. It lives in me.

The Word is my healing and my strength. It is the Bread of Life to me. It is my light and my salvation. It is my rest and my pillow. The Word gives me quietness in the midst of confusion and gives me victory in the midst of defeat. It gives me joy where desolation reigns.

One of the most dangerous habits that Christians have is treating the Word as though it were a common book or just a history book. They are hearers and not doers of the Word. In one breath they declare that they believe it to be a revelation from the Lord, yet they turn to the arm of flesh for help when the Word has promised perfect deliverance. They treat the fact of salvation as though it were a beautiful story. They read articles about the Word. They sing hymns praising it, yet they live under the dominion of the adversary, continually confessing sickness, want, fear, depression, weakness, and doubts in the face of this revelation from Jesus of our redemption, of His substitutionary sacrifice, and the fact that He is seated now in Heaven, having finished a work that perfectly satisfies the demands of justice and meets EVERY need of mankind.

We read about our redemption; we sing about it, then talk about it as though it were but a fable. That is the reason for the great amount of sickness, weakness, fear, and disease in the Church (the body of Christ) today. That is why the average Christian manifests no boldness, but fears any of Satan's demonic threats.

All this could be changed immediately if the Believer would give the Word the same place he would give the Lord Jesus Christ if He were here physically in our presence.

Jesus Himself used the Word to counter Satan's temptations in the Wilderness. In Matt. 4:3 – 11, Jesus quoted the Word in response to three attacks of the enemy. And verse 11 says: **Then the devil left Him, and behold, angels came and ministered to Him.**

Let us therefore be diligent in trusting and acting upon His Word to withstand (resist) every demon power, and their master Satan the defeated foe, in times of trials and tribulations. **(James 4:7) Submit yourselves therefore to God. Resist the devil, and he will flee from you.** ☐

Spesiale Woord van Dank

'n Spesiale woord van dank vir die kosbare bydraes wat direk in ons bankrekening inbetaal word. Dit is vir ons baie belangrik om vir u 'n persoonlike bedankings briefie te stuur, daarom versoek ons u om asseblief u deposito strokie, met u volle naam en volle adres te pos of te faks. Ons sal dit ook waardeer as u vir ons u naam en adres langs u deposito strokie neer skryf wanneer u dit faks, omdat die faks nie altyd leesbaar is nie.

GELOOF IN DIE WOORD
FAITH IN THE WORD

Daar is geen kopiereg op enige van ons kassette en visuele materiaal nie en daarom wil ons u aanmoedig om kopieë daarvan te maak en te versprei so dat die Woord van ons Hemelse Vader uitgedra kan word. Ons vra egter dat dit nie gedoen sal word vir finansiële gewin nie.

***

There is no copyright on any of our audio and visual material, and therefore we would like to encourage you to copy and distribute in order to spread the Word of God. We do however request that this is not done for financial gain.